

# GAP Nuus - April 2025

Vier die vreugde van Paasfees!
Paasfees is 'n fees van hoop, liefde en nuwe lewe! Op Paas-Sondag vier ons die wonder van Jesus se opstanding – die dag toe lig die duisternis oorwin het en God se genade aan ons geopenbaar is. Sing saam, bid saam en verheug jou in die belofte van Sy verlossing. Laat ons as een gemeenskap die blye boodskap verkondig: Hy het opgestaan!

Vriende,

Ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus ons vriend en verlosser! Ons deel graag oudergewoonte persoonlike- en bedienings nuus met julle.



**Familie Nuus**
Paasfees is om die draai en so ook die volgende skole kort vakansie wat programme deurmekaar krap, maar ook weer vir ons kans gee om 'n slag in die Noord-Kaap 'n draai te maak. Ons was nog laas in Kimberley voor Johan en Eldi se troue en sien ons uit om te beleef waar hulle woeker, woon en werk. Ons hoor net altyd van al die aktiwiteite wat die stof laat trek. Sugnét het pas teruggekom van Pieter en Megan se "baby shower" in Somerset-Wes. Ek het probeer uitvind waar die woord vandaan kom want dit maak nie lekker sin nie, maar blykbaar verwys dit daarna dat die ma van die baba toegegooi word met alles wat sy gaan nodig kry om die baba en sy pa skoon te hou. In Afrikaans maak die woord nog minder sin, dit is blykbaar 'n baba stort! In elkgeval die bulletjie groei mooi en is op skedule om teen die einde van Mei sy ouers te ontmoet. Pieter se doeke-braai is middel Mei. Ek sal nie probeer om dit in Engels te vertaal nie want dit klink nog slegter! Dan sal dit my beurt wees vir 'n besoek om te sien hoe die ouers vir oulaas deurslaap.

Sedert die begin van die jaar maak ons elke tweede naweek 'n draai op George om ma Maxie te besoek. Dit is opmerklik om te sien dat tydens elke besoek die kragte minder word en die uitdagings om alles te doen wat sy altyd vir haarself gedoen het, groter word. Maar vir iemand wat die jaar negentig word doen sy baie goed en het sy nou die dag nog kans gesien vir 'n sessie water aerobika. Groenkloof, die aftree-

oord waar sy bly se versorgers besoek haar 'n paar keer deur die dag en snags is daar heeltyd iemand om 'n ogie te hou en haar te help indien sy dalk in die middel van die nag besluit om ontbyt te maak. Ons neem dit so week op 'n slag en na gelang  haar behoeftes verander, sal ons in oorleg met die versorgings afdeling die versorgings opsies heroorweeg. Dit is vir haar 'n aanpassing, maar hanteer sy dit goed om heeltyd iemand rondom haar te hê wat wil help. Ons, en sy is net dankbaar dat sy op die ouderdom nie enige pyn van enige aard het nie en is haar grootste uitdaging om te kan hoor as die foon of die klokkie lui! Dis genade.

Elke jaar hierdie tyd gaan ons vir 'n gehoortoets om by die Here te hoor of Sugnét die volgende jaar moet aanbly by Huppelkind.  Sy het egter sedert einde verlede jaar beleef dat die Here vir haar sê dat die seisoen tot 'n einde gaan kom en het sy besluit om die einde van die jaar op te hou kinders grootmaak wat nie hare is nie. Huppelkind staan ook voor groot besluite wat hulle moet neem en wil dit lyk asof daar ook vir die skool 'n nuwe seisoen gaan aangebreek. Ons sal in die volgende nuusbrief hopelik meer duidelikheid daaroor kan gee. "Wat gaan ek dan maak, vra sy nou die dag?" 'O, ek is seker jy gaan nie met vakansie nie, was my antwoord!" Ons het gesien met die jare dat sulke besluite net 'n koersverandering is, en vertrou ons dat die Here, soos telkens in die verlede, vir haar sal wys waar om die tentpenne in te slaan. Of die kindertjies haar gaan mis weet ek nie, maar wat ek weet is dat sy hulle gaan mis. Die einde van die jaar is nog ver so laat ons maar eers fokus!

**Bedienings Nuus**
**Gumdale Camping en Conference Centre NPC**



Hierdie is nou die amptelike naam van die kampterrein. Danksy Mike Perks se werk agter die skerms en 'n paar rondtes van brein-en papierwerk is die finale  MOI (Memorandum of Incorporation) voltooi en kan die dokument nou ingedien word by die "Companies and Intellectual Properties Comission" vir registrasie. Die oogmerk van die kampterrein is as volg gedefinieer: "To create and provide spaces where people, especially young people, can encounter God, and where other immersive and life changing educational and training work may be accomplished: This will be achieved through, inter alia:  Acquiring, developing, maintaining and operating a property or properties to the glory of God which provide excellent facilities where camps, conferences, training and educational activities may be held in surroundings of natural beauty." En dan is daar nog 'n paar ander oogmerke wat alles verband hou

met dié doel. Dit is in lyn met die aanvanklike ooreenkoms om die grond beskikbaar te stel tot gebruik vir die Here se Koninkryk, en is ons dankbaar die DNA van Gumdale gaan behoue bly, maar die keer tot die voordeel van baie meer mense. Dit lyk nou al bietjie anders daar nadat die maatskappy wat die ontbossing doen daar ingevaar het en begin skoonmaak het. Die uitheemse spesies word alles afgesny en verwerk deur 'n maatskappy daar in Coega vir "biomass". Hulle het ons bietjie ontkant gevang omdat hulle so vinnig werk en kon ons hulle net betyds stop om van die laaste groot bloekoms af te sny. Ongelukkig het die grootste deel van die beplande hindernis baan in die slag gebly tot ons en Mike se ontsteltenis maar is die baan intussen herbeplan. Vir ons is dit 'n nuwe begin en het ons begin vrede maak dat dit nooit weer gaan lyk soos dit gelyk het nie. Volgende stap is om die grense van die kampterrein te finaliseer, te dokumeteer and dan die hersonerings aansoek vir die minister van Landbou voor te berei. Intussen is die argitek besig met 'n paar konsep tekeninge.

Toe ek nou die dag daar rondstap en sien hoe dit begin verander het die enormiteit die wind so bietjie uit my seile uitgehaal. In effek bou mens 'n nuwe nedersetting, by gebrek aan 'n beter woord, van die grond af. Daar is geen dienste behalwe Eskom se kraglyn tot by die transformer nie. Verder moet alles self gevestig word, water, riolering, krag, 'n herwinning-sisteem, paaie, geboue ensovoorts. Maar, ons is nietemin opgewonde oor die vooruitsigte en sien ons uit dat ons daar om 'n vuur kan sit in die beplande amfiteater en sien hoe die son opkom oor Groendal se berg. Die wild is ook besig om die gewoel gewoond te raak en aan te pas by die nuwe omgewing, en kom wei daar rond terwyl daar nog nie 'n draad om die kampterrein is nie. Maar vermoed ek dat daar 'n paar spesies is wat maar eers ander weivelde gaan soek het soos die baie naguiltjies, die skilpaaie en dalk 'n ystervark of twee en die dam se paddas wat altyd so geraas het as die son gesak het.

Sugnét is besig om die ou huis op te pak en maak sy goeie vordering. Sy ontdek nog steeds briefies, fotos en ander dokumente wat haar gedagtes vêr terugneem, onder andere haar geboortesertifikaat wat darem bewys dat die ooievaar haar by die regte plaas afgelewer het. Dankie vir almal se saambid en saamreis met Gumdale. Daar is nog baie bidwerk!

**"City Dialogue"**

Teen die agtergrond van die ineenstorting van basiese dienste het die Sentrum vir Publieke Getuienis op Stellenbosch, onder leiding van Braam Hanekom, ook hier in ons deel van die land 'n draai kom maak. Die sentrum is bekend daarvoor dat hulle veral in stede waar daar baie konflik is, rolspelers kry om rondom 'n tafel te sit sodat hulle kan sien hoe lyk hulle van naby af. Die "City Dialogue" was so geleentheid en het kerkleiers, ons as TCN koördineerders, verteenwoordigers van besigheid, sport, kultuur en verskeie ander entiteite 'n oggend saam spandeer om te



besin oor hoe ons die samelewing beter kan laat werk tot sy inwoners se voordeel. Hierdie was nie die eerste so geleentheid nie, ons is al immers baie jare besig met gesprekke en aksies binne die verskeie netwerke. Hoekom hierdié gespek belangrik was, was omdat dit plaasgevind het teen die agtergrond van ‵n landweie beweging waar  die burgerlike samelewing ofte wel "civil society", al hoe meer betrokke raak by die oplossing van gemeenskappe se probleme. In plaas daarvan dat  politici geblameer word, spring  mense in om te help. Maar dit verg ‵n kopskuif, en nogal ‵n grote.  Die NMB Besigheidskamer doen ongelooflike werk in die verband en word as ‵n rolmodel vir die res van die land voorgehou.  Ons sien dit ook elders en het selfs Heartlines nou begin met ‵n program "Fix local".

Waar plaas dit die Kerk, dis nou ons? Die goeie nuus is dat ons reeds in die wegspringblokke is. Ons is immers Jesus se hande en voete en is ons saam met Hom op reis deur  ‵n gemeenskap wat se boom uitval. Die stories van hoop, begin ophoop, en dalk is dit die herlewing waarna ons smag. Nie dat die Here vanuit die hemel sy Gees op stadions vol mense uitgiet nie, maar dat Hy ons een vir een uitstuur om stories van hoop te gaan skryf.  As jy sukkel daarmee, haak in by iemand wat reeds besig is en word deel van die beweging. Terug by die "City Dialogue". Het ons by ‵n oplossing uitgekom? Ek dink nie so nie. Het ons vriendskappe gebou, geleer, geluister, beter verstaan en hoop gekry? Ja beslis. En miskien was dit die belangrikste!

**Cal-to-Prayer**

Ons, en ek sluit almal hierby in leef met die verwagting dat die Here gaan kom en alles wat krom en skeef is in mense se lewens in ‵n oogwenk gaan regmaak. Dit is daardie stadions vol mense belewenis wat ons begeer. En dan gebeur dit nie. Dan raak ons moedeloos, soos ek. CalltoPrayer is ‵n aksie wat ons gebruik om ‵n ruimte te skep om vir mekaar, vir ander, en vir ons gemeenskap te bid. In die proses  hoor ons wat die Here besig is om te doen in elkeen se invloedsfeer. En as ons elke keer na al die stories luister besef ons dat die Here op ‵n baie groter skaal aan die werk is

as wat ons besef. Dit is daardie stories van hoop. Sy Gees is reeds besig om te werk in die donkerste plekke van ons gemeenskap, deur gewone mense. Die gebedslys met versoeke op raak al hoe langer en is dit wonderlik om te sien hoe die Here in omstandighede waarvoor gebid word, ingryp, inmeng en gebede beantwoord. Ons kan elke keer 'n paar versoeke aftik. Een behoefte waarvoor gebid word is 'n oplossing vir die straatkinders, prostitute, dwelmhandelaars en haweloses. Dit is veral in die middedorp, sodra die son sak wat hulle besigheid floreer. Llewellyn, Moedergemeente se "nuwe" dominie het sedert hy hier geland het begin stoei met oplossings en het begin om rolspelers in te hark om by 'n oplossing uit te kom. In die prose het MES-aksie betrokke geraak en het hulle besluit om 'n kantoor te open om die bal aan die rol te kry. MES is goed bekend vir die werk wat hulle doen in ander stede. Bid saam vir 'n lokaal in die middedorp vanwaar MES kan werk. Hulle is afhanklik van die betrokkenheid van vrywilligers en plaaslike rolspelers en is die entoesiasme daar en die ratte ge-olie. Dit moet nou net begin draai!

**Ten slotte**
Daar is nog baie ander nuus, maar volstaan ons maar net eers hier. Ons gebed is dat hierdie Paastyd vir almal 'n besonderse tyd gaan wees waar ons opnuut bewus sal word van die moeilike pad wat Jesus na die kruis toe moes stap om die boete namens ons te betaal. Ons hoef nooit te vrees dat daar iemand met 'n lasbrief voor ons deur gaan opdaag en ons voor 'n hof gaan sleep omdat ons skuld het nie. Daardie skuld is klaar betaal! Baie dankie aan een en elkeen se belangstelling en ondersteuning. Julle maak 'n verskil in ons lewens sodat ons dit in ander se lewens kan maak.

Wees ge-BLESS!
Pierre en Sugnét - Pierre 0833703592 - Sugnét 0834014517
www.goandproclaim.co.za
(Fotos: Living Hope Community Church links en middel en Mazikonzana Pre-school in Kwanobuhle regs)

